

**"HERRENVOLK-BLOED" VIR DIE AFRIKANER: VEERTIG JAAR DUITSE WEESKINDERS (1948—1988)<sup>1</sup>**

Werner van der Merwe  
*Universiteit van Suid-Afrika*

*SUMMARY*

**"Herrenvolk blood" for the Afrikaner: the German orphans reappraised after forty years**

Had the founders of the so-called *Dietse Kinderfonds* (DKF) succeeded in their plan to bring 10 000 German orphans to South Africa after World War II, it is quite conceivable that the fortieth anniversary of their coming to South Africa this year would have overshadowed such events as the tricentennial of the French Huguenots or the 150th commemoration of the Great Trek. However, as events turned out, only 83 German children were brought to South Africa under the auspices of the DKF thus reducing the historical significance of the event in relation to the mainstream of South African history.

The purpose of this article is to show why some Afrikaners held Germany in such high esteem that they were prepared to do everything in their power to ensure that the Afrikaners would benefit from Germany's defeat in 1945 by obtaining for the *volk* some of the "valuable blood of the German *Herrenvolk*".

It is argued that the Afrikaner's perception of Germany played a very important role in his struggle against British domination, and that many prominent Afrikaners including Genl J.B.M. Hertzog, Dr H.F. Verwoerd and Dr D.F. Malan, viewed Germany as the only possible safeguard against what they believed would be the inevitable total domination of the Afrikaner by the British. For this reason these people, and for that matter most Afrikaner nationalists, saw German immigration to this country as one way of counteracting British influence.

With the rise of Hitler's Nazi state many Afrikaners favoured close cooperation with Germany and believed that that country would help them to re-establish the independence of the former Boer republics. Some organizations such as the *Nuwe Orde* and the *Ossewa-Brandwag* even favoured a Nazi-like type of *volkstaat* for South Africa. It is therefore not surprising that these people were shocked, and even felt betrayed by the Smuts government, when Germany was defeated in 1945. The idea to bring German orphans to this country was therefore a kind of protest against the defeat of Germany and against South Africa's participation in the war on the side of Britain. Furthermore, most of the founding members of the DKF were staunch members of either the *Nuwe Orde* or the *Ossewa Brandwag*.

---

Hierdie artikel is 'n bondige weergawe van enkele aspekte van my boek *Vir 'n "blanke volk": Die verhaal van die Duitse weeskinders van 1948* (Johannesburg, Perskor, 1988) wat gedurende September 1988 vrygestel sal word.

It is pointed out that the DKF felt morally obliged to help Germany in her hour of need, because Germany had aided the Afrikaners after the Anglo-Boer War. However, when the aims of the DKF are examined, it soon becomes clear that the moral obligation the founders felt towards Germany really served the purpose of enriching the Afrikaners with "German Aryan blood" and that the founders had the interests of their own *volk* in mind in the first place when they decided to bring German children to South Africa. In conclusion it is shown that the DKF was not interested in German children in general, but that they wanted to bring the *élite* of Hitler's *Herrenvolk* to South Africa. Pains were therefore taken to ensure that the children coming out under their scheme were truly "German".

## Inleiding

Indien die stigterslede van die *Dietse Kinderfonds* (DKF) in 1948 hul idealistiese droom verwesenlik het om 10 000 Duitse weeskinders na Suid-Afrika te bring, sou die koms van die Duitse weeskinders veertig jaar gelede waarskynlik in die middelpunt van hierdie jaar se feesvierings gestaan het. Dat die DKF egter net 83 kinders na die destydse Unie gebring het, het die belangrikheid van hierdie historiese gebeurtenis tot die randgebied van die Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgeskuif en word dit gevolglik deur gebeurtenisse soos die ontdekkingsvaart van Bartolomeu Dias (1488), die koms van die Franse Hugenote (1688) en die 150ste herdenking van die Groot Trek (1838) oorskadu. Nietemin hoort die koms van die Duitse weeskinders tot een van die merkwaardigste immigrasieverhale van hierdie land.

Waarom wou die stigterslede van die DKF na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog juis Duitse weeskinders na Suid-Afrika bring en wat het hulle met hierdie kinders beoog? Om hierdie vraag te beantwoord, moet daar baie ver in die geskiedenis van die Afrikaner teruggegaan word. In die ontstaans- en wordingsgeskiedenis van die Afrikaner speel Duitsland naas Nederland en Frankryk ongetwyfeld die belangrikste rol. Gedurende die eerste twee eeue van blanke nedersetting aan die suidpunt van Afrika het meer as 14 000 Duitse immigrante hulle permanent hier kom vestig en meer as 4 000 van hulle het die stamvaders van bekende Afrikanerfamilies soos die Botha's, Kruger's en Albertse geword. Die Afrikaners se "genetiese wording" is dus in baie hoë mate deur Duitse bloed bepaal. Duitsland is gevolglik later met reg as een van die Afrikaner se belangrikste "stamverwante bodems" beskryf.<sup>2</sup>

## Duitsland word ingespan teen Britse imperialisme

Die hoë persentasie Duitse bloed in die are van die Afrikaners het oor die eeue heen 'n spontane affiniteit tussen Duitsers en Afrikaners laat posvat. Hierdie affiniteit is verder versterk toe Brittanje sedert die tweede besetting van die Kaap in 1806 alles in die stryd gewerp het om die Afrikaners onder Britse beheer te plaas en die Angel-Saksiese kultuur uit te brei. Trouens, die Groot Trek was onder andere juis 'n verset van die Afrikaners om van Britse oorheersing weg te kom.

Die opkoms van Britse imperialisme het egter ook saamgeval met die stigting van die

2. Werner Schmidt-Pretoria, *Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes* (Hannover, 1938), pp. 21–54; "Die Duitse bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrika" in *Lantern*, II/II, no. 4, Junie 1962, pp. 7–13; Werner van der Merwe, *Die geskiedenis van die Afrikaans- en Suid-Afrikaans-Duitse Kultuurvereniging, 1932–1982* (Pretoria, 1982), pp. 1–2.

Tweede Duitse Keiserryk in 1871 en die opkoms van 'n sterk dinamiese Duitse eenheidstaat wat Brittanje se posisie as die wêreld se toonaangewende mag openlik uitgedaag het. Die Afrikaners het in hierdie Tweede Duitse Keiserryk 'n waardevolle potensiele bondgenoot gesien in hul stryd om Britse oorheersing in suidelike Afrika af te skud. In albei die Boererepublieke, Vrystaat en Transvaal, het daar teen die einde van die negentiende eeu die gevoel ontstaan "dat Duitsland met ons [die Afrikaners] is teen die gemene rowers van Groot Brittanje".<sup>3</sup>

Ofskoon die Duitse regering geweier het om die Afrikaners te help in hul vryheidstryd teen Groot Brittanje (die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902), was die Duitse bevolking nietemin deur en deur pro-Afrikaner en talle Duitse vrywilligers het aan die kant van die Afrikaners teen die Britte in Suid-Afrika geveg.<sup>4</sup> Die Anglo-Boereoorlog was egter vir die Afrikanervolk 'n geweldige ramp en in 1902 het Brittanje formeel die twee Boererepublieke geannekseer en die Afrikaners hul politieke vryheid ontnem.

Na die afloop van die Anglo-Boereoorlog het die drie Boeregeneraals, C.R. de Wet, Louis Botha en J.H. de la Rey, 'n uitgebreide reis na Europa onderneem met die doel om hulp vir hul noodgeteisterde volk te verkry. Een van die lande waar hulle die hartlikste ontvang was, is Duitsland. Die sogenaamde *Alldeutscher Verband* (Pan-Germanistiese Bond) het die bedrag van £10 000 aan die generaals oorhandig vir noodlenigingswerk onder die noodgeteisterde Boerebevolking.<sup>5</sup> 'n Gedeelte van hierdie fondse is byvoorbeeld aangewend vir die oprigting van die latere bekende Langlaagteweeshuis naby Johannesburg.

Vir sir Alfred Milner, aan wie die taak opgedra is om Suid-Afrika na die afloop van die Boereoorlog weer op te bou, was dit 'n uitgemaakte saak dat die Suid-Afrika van die toekoms so spoedig moontlik en so doeltreffend moontlik "verbrits" moes word. Milner het derhalwe die immigrasie van Britte na Suid-Afrika aansienlik uitgebrei.<sup>6</sup> Uiteraard het die Afrikaners hul hierteen verset en alles in die stryd gewerp om die Afrikaner-identiteit te bewaar. Baie het hulle weer eens na Duitsland gekeer in die hoop dat nouer kulturele bande met dié land die Afrikaners kon "staal" teen die verbritsingsproses.

Toe Brittanje in Augustus 1914 oorlog teen Duitsland verklaar het en die Unie van Suid-Afrika as deel van die Britse wêreldryk outomaties by die oorlog betrek is, het 'n groot getal Afrikaners, waaronder voormalige Boeregeneraals soos De Wet en De la Rey, teen hul land se oorlogsdeelname in opstand gekom. Hulle het dit as "ongevraagde vyandskap" teen Duitsland beskou, veral in die lig van die feit dat dit juis Duitsland was wat "gedurende die Vryheidsoorlog van 1899–1902 en daarna niks anders as groot meegevoel gehad het nie en baie tot die noodleniging in die eertydse republieke bygedra het."<sup>7</sup> Hoewel die gewapende opstand van 1914 (die sogenaamde Rebelle) in die heel eerste plek anti-Brits gemik was en die opkoms van 'n eie Afrikaner-nasionalisme versinnebeeld het, is dit weliswaar ook ewe sterk deur 'n pro-Duitse sentiment wat 'n sterk onderbou van Afrikaner-nasionalisme geword het, gedra.

3. S.F. Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek* (Durban, 1982), pp. 228–229.
4. Ulrich Kröll, *Die internationale Buren-Agitation 1899–1902* (Münster, 1973).
5. A.J. Böeseken en andere (samestellers), *Drie eeue: Die verhaal van ons vaderland*, deel 4 (Kaapstad, 1953), p. 214.
6. A.J.H. van der Walt en andere (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, tweede uitgawe (Kaapstad, s.j.), p. 440.
7. M.C.E. van Schoor, *Die Vrystaatse Helpmekeer: Die ontstaan van die Helpmekeer-beweging in Suid-Afrika en sy besondere ontwikkeling in die Oranje-Vrystaat* (Bloemfontein, 1960), p. 15.

## Die wenslikheid van Duitse immigrasie na Suid-Afrika

Met sy slagspreuk van "Suid-Afrika eerste" het genl. J.B.M. Hertzog, wat in 1914 die Nasionale Party gestig het, die simbool en verpersoonliking van die nuwe Afrikaner-nasionalisme geword. Die Nasionale Party het hom beywer vir die behoud van die Afrikanervolk se eie identiteit en vir 'n beleid wat Brittanje en die Britse belange in Suid-Afrika ondergeskik sou stel aan dié van die Afrikaners.<sup>8</sup> In sy pogings om sy politieke doelstellings te verwesenlik het Hertzog gehoop om ook die hulp van Duitsland vir sy oogmerke in te span. So byvoorbeeld het hy in 1926 verteenwoordigers van die Duitse regering in Londen verseker dat hy geen groter wens gehad het as om goeie betrekkinge met Duitsland te handhaaf nie. Hertzog het voorts aangevoer dat hy die Duitsers benodig het om die Afrikaner-element in Suid-Afrika te versterk en daarom wou hy alles in die stryd werp om Duitse immigrasie na die land aan té moedig.<sup>9</sup>

Genl. Hertzog se sterk pro-Duitse sentimente het veral onder die jong geslag Afrikaner-nasionaliste van die twintiger- en dertigerjare groot byval gevind. Bo en behalwe dat Duitsland as moontlike waarborg teen wat hulle geglo het 'n andersyds onafwendbare proses van "verbruitsing" in Suid-Afrika sou wees, het die Afrikaners ook aangetrokke gevoel tot die Duitsers se sterk klem op *ras* en *volk*. Vir die Afrikaners was die behoud van die *volk* die allesoorheersende doelstelling; om te verseker dat die jong Afrikanervolk nie deur die Angel-Saksiese kultuur verswelg word nie.

Een van die uitvloeisels van die opkomende Afrikaner-nasionalisme was dat talle jong Afrikaners in die twintiger- en dertigerjare hul nagraadse opleiding aan Duitse universiteite voltooi het. Sodoende het vele Afrikaners toenemend in die Duitse kulturele wentelbaan beland en talle het met baie sterk Duitse sentimente na Suid-Afrika teruggekeer. Etlukes het in toesprake en koerante begin pleit dat 'n groter aantal Duitse immigrante hul in Suid-Afrika moes kom vestig. Een van die vurigste voorstanders van Duitse immigrasie na Suid-Afrika was die jong dr. H.F. Verwoerd (later premier) wat tussen 1924 en 1928 in Duitsland studeer het. Na sy verblyf daar het Verwoerd by herhaling sy voorkeur vir "blonde blouoog Ariërs van Protestantse herkoms" as die ideale immigrante te kenne gegee.<sup>10</sup>

Verwoerd was nie die enigste nasionaalgesinde Afrikaner wat Duitse immigrasie na Suid-Afrika voorgestaan het nie. In 1936 toe die administrateur van die Oranje-Vrystaat en latere hoofleier van die Ossewa-Brandwag, J.F.J. (Hans) van Rensburg, Duitsland besoek het, het hy hom sterk ten gunste van Duitse immigrasie na die Unie uitgespreek.<sup>11</sup> Die hoofleier van die Herenigde Nasionale Party (HNP), dr. D.F. Malan, was eweneens 'n groot voorstander daarvan. In die dertigerjare het hy gepleit vir meer Duitse immigrante wat volgens hom noodsaaklik was om 'n groot "Nordiese front te skep teen die kommunisme, die Swartes en die Jode."<sup>12</sup>

8. J.H. le Roux en andere (reds.), *Generaal J.B.M. Hertzog: Sy strewe en stryd*, vol. I (Johannesburg, 1987), p. 199.
9. Archiv des Auswärtigen Amtes, Bonn, Wes-Duitsland (AA): Ha. Pol. Abt., Ges. Eisenlohr, Südafrika, 1926—1928, E4364, Aufzeichnung de Haas, 15-11-1926.
10. Rolf Italiaander, *Die neuen Männer Afrikas: Ihr Leben — ihre Taten — ihre Ziele* (Düsseldorf, 1960), pp. 175—176; Alfred Babing en Hans-Dieter Bräuer, *Fanal am Kap* (Berlyn, 1982), p. 182.
11. AA: Pol. Abt. III, Bd. 1, Pol. X, E510057/58, Kommando der Marinestation der Ostsee-das Oberkommando der Kriegsmarine, 24-09-1936.
12. Horst Kühne, "Die Fünfte Kolonne des faschistischen deutschen Imperialismus in Südwestafrika (1933—1939)" in *Zeitschrift für Geschichtswissenschaft*, 8/4, 1960, p. 786.

## Nazi-Duitsland gesien as die moontlike waarborg vir die Afrikaners se voortbestaan in Suid-Afrika

Daar kan met 'n groot mate van sekerheid aanvaar word dat duisende Afrikaners in die dertiger- en veertigerjare Duitsland as die grootste potensiele waarborg vir die voortbestaan van 'n blanke Afrikanervolk aan die suidpunt van Afrika beskou het en juis daarom het die meeste Afrikaner-nasionaliste die magsoorname van Adolf Hitler in Duitsland (in 1933) verwelkom. Hitler en sy nasionaal-sosialistiese wêreldbeskouing het (meer as enige ander Duitse politieke party) die belangrikheid van *ras, volk, volkstaat* en *nasiona-lisme* beklemtoon. Op die keper beskou, het Hitler se politieke program die voortbestaan van die "blanke rasse" beloop. Dit sou die Afrikaners dus die geleentheid kon bied om hul eie rassebeleid van segregasie in ooreenstemming te bring met die wêreldbeskouing van die sterkste Europese volk. Een Suid-Afrikaanse politikus, Oswald Pirow, het in 1938 namens talle Afrikaners gepraat toe hy verklaar het dat die nasionaal-sosialisme vir die blankes in Afrika kon dien as bolwerk teen die Britse liberaliseringsproses.<sup>13</sup> Volgens Pirow was dit in die belang van die blankes se voortbestaan in Afrika om te verseker dat "Duitsland sterk word en sterk bly."<sup>14</sup>

Talle Afrikaners se sterk identifikasie met Nazi-Duitsland het tot gevolg gehad dat daar ook in Suid-Afrika etlike bewegings ontstaan het wat hul politieke inspirasie aan die leerstellings van die nasionaal-sosialisme ontleen. Het. Die twee belangrikstes hiervan was die Ossewa-Brandwag en die Nuwe Orde. Die Ossewa-Brandwag is in 1938 na aanleiding van die simboliese ossewatrek ter herdenking van die Groot Trek-eeufees in die lewe geroep. Die doel van die beweging was om Afrikanerkultuur te bewaar en te bestendig. Teen 1939 het hierdie beweging egter al hoe meer 'n bloudruk van die Duitse nasionaal-sosialisme begin word. Die sogenaamde Nuwe Orde wat in 1940 deur Oswald Pirow in die lewe geroep is, het ook onmiskenbare ooreenkomste met die Duitse nasionaal-sosialisme getoon.<sup>15</sup>

Ten spyte van die baie sterk pro-Duitse sentimente van 'n aansienlike gedeelte van die Afrikanervolk het Suid-Afrika met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 met 'n parlementêre meerderheid van 80 teenoor 67 op oorlogsdeelname aan die kant van Brittanje teen Duitsland besluit. Die nasionaalgesinde Afrikaners was bitter ontevrede met hierdie toedrag van sake en het openlik kant gekies vir Duitsland en gehoop dat die Duitsers Brittanje spoedig sou verslaan. Onder die leierskap van J.F.J. van Rensburg het die Ossewa-Brandwag met sy sowat 400 000 volgelingen gehoop dat 'n Duitse oorwinning weldra die Afrikaners die geleentheid sou bied om die onafhanklikheid van die voormalige Boererepublieke te herstel. Die Ossewa-Brandwag was selfs bereid om op gewelddadige wyse te poog om van genl. J.C. Smuts se bewind ontslae te raak. Die Smutsbewind was selfs verplig om die aktiwiteite van die Ossewa-Brandwag te beperk en talle lede van die beweging in interneringskampe te plaas.<sup>16</sup>

Uiteraard het Duitsland in sy stryd teen Brittanje die vriendskap van die Afrikaner-nasionaliste verwelkom en uit sy weg gegaan om die aktiwiteite van die Ossewa-Brandwag te steun.<sup>17</sup> Die doeltreffendste middel wat die Duitsers aangewend het om die Afrikaners

13. AA: Buero des Reichsaussenministers, Südafrikanische Union, Von Dewitz-AA, 02-11-1938.

14. AA: Pol. Abt. III, Bd. 1, Pol. 25, Rede des Ministers Pirow, 04-01-1935.

15. Vir 'n volledige bespreking van die politieke doelwitte van die Ossewa-Brandwag en die Nuwe Orde kyk F.J. van Heerden, "Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse politiek, 1933—1948" (Ongepubl. proefskrif, UOVS, 1972).

16. Kyk G.C. Visser, *OB: Traitors or Patriots* (Johannesburg, 1976), pp. 35—53.

17. AA: Inland II, Geheim, 1940—1943, DII 1248, Aufzeichnung Ges. Luther, 22-11-1940.

se steun te behou, was deur propaganda. Reeds vanaf 1939 het die Duitsers 'n gereelde Afrikaanse radio-uitsending oor die nuwe kortgolfdiens in Königswusterhausen aangebied. Hierdie sogenaamde radio *Zeesen* het die diepste sentimente van die Afrikaner aangespreek en hom byvoorbeeld die herstel van sy verlore republieke belof. *Zeesen* het sy luisteraars ook daarop gewys dat Nazi-Duitsland geveg het teen Britse imperialisme en dat genl. Smuts een van die Britse Ryk se grootste handlangers was. Volgens Duitse waarnemers in Lourenco Marques (Maputo) het *Zeesen* daarin geslaag om duisende Afrikaners te oortuig dat Duitsland die "redder van die Boerevolk" was.<sup>18</sup>

In die lig van die Afrikaners se bewondering vir die Duitse volk en die feit dat hulle hul hoop op Duitsland gevestig het om te verseker dat die Afrikanervolk in Suid-Afrika die mag in die hande kry, verbaas dit nie dat die Afrikaners die ineenstorting van Hitler se Derde Ryk in Mei 1945 as 'n groot ramp beskou het nie. Byna met een penneveeg het die Afrikaners, die sogenaamde "Germaanse volk op die voorposte van die blanke beskawing"<sup>19</sup> sy gedugste bondgenoot verloor. Baie Afrikaners het dit moeilik gevind om die ondergang van Duitsland te aanvaar. Hulle het vir genl. Smuts verantwoordelik gehou vir die Duitse nederlaag. Nasionaalgesinde Afrikaners het gewaarsku dat die vernietiging van Duitsland die deure vir die kommunisme geopen het en dat Rusland voortaan die meester van Sentraal-Europa sou word.<sup>20</sup>

Selfs die bekendmaking van die ergste Duitse gruweldade gedurende die oorlog soos byvoorbeeld dat die Duitsers tussen 1941 en 1944 nagenoeg ses miljoen Jode in gaskamers (die *Holocaust*) om die lewe gebring het, het die Afrikaners se positiewe beeld van die Duitsdom nie verander nie. Trouens, die *Holocaust* is afgemaak as blote anti-Duitse propaganda om die "naam van 'n eervolle volk" deur die modder te sleep.<sup>21</sup> In Maart 1946 het die HNP-volksraadslid, dr. Karl Bremer, voorspel dat geskiedskrywers in die volgende 50 tot 100 jaar nie oor die beweerde Duitse gruweldade teenoor die Jode sou skryf nie, maar eerder oor die wrede behandeling wat die Duitse volk van sy veroweraars ontvang het.<sup>22</sup>

Baie Afrikaners se volgehoue pro-Duitse sentimente het verder tot uiting gekom nadat 21 voormalige Nazi-leiers in Oktober 1946 deur 'n internasionale militêre hof ter dood veroordeel is (die sogenaamde Neurenbergse verhore). So byvoorbeeld het die Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk in Pretoria 'n telegram aan genl. Smuts gestuur waarin hy versoek is om sy invloed by die geallieerdes te gebruik en te pleit dat die vonnisse van die veroordeeldes versag word.<sup>23</sup> Die hoofleier van die Nuwe Orde, adv. O. Pirow, het die teregstelling van die Nazi-leiers skerp veroordeel en aangevoer dat die veroordeeldes reeds onsterflikheid verwerf het en oor "'n honderd jaar sal die Duitse skoolkinders hul name leer en hul geskiedenis as 'n Germaanse Slagtersnek eer.'"<sup>24</sup>

### Ter wille van die bloed

Dat die Duitse volk na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog in fisiese en geestelike nood verkeer het, ly nie die geringste twyfel nie. Welsynsorganisasies dwarsdeur die wêreld het spontaan 'n helpende hand na die Duitse volk uitgesteek. Pro-Duitse Afrika-

18. Willi A. Boelcke, *Die Macht des Radios: Weltpolitik und Auslandsrundfunk 1924—1976* (Frankfurt/M, 1977), pp. 402—403.
19. Edgar Kirsch, *Hans Grimm und der nordische Mensch* (München, 1938), pp. 5—10 en 46.
20. *The Wiener Library Bulletin*, vol. XII, 1 & 2, 1958, p. 15.
21. Onderhoud met dr. T.E.W. Schumann, 26-01-1986.
22. *Hansard*, vol. 56, 29-03-1946, kolom 4079.
23. *Die Transvaler*, 03-10-1946.
24. *Die Nuwe Orde*, 18-10-1946.

ners het onder die eerstes getel wat die Duitse volk te hulp gesnel het. Dit verbaas nie as 'n mens die lang en volgehoue geskiedenis van goeie Afrikaner-Duitse betrekkinge in ag neem nie. Wat wel opval, is die wyse waarop die Afrikaners hulp aan die Duitse volk wou betoon naamlik om aan sowat 10 000 Duitse weeskinders in Suid-Afrika 'n heenkome te bied. Dit moes terselfdertyd daartoe lei dat hierdie kinders deel van die Afrikanervolk sou word. Van al die lande wat aan Duitsland hulp verleen het, was Suid-Afrika die enigste wat die gedagte van kinderimmigrasie uit Duitsland bepleit het, en ook uiteindelik op beperkte skaal deurgevoer het.<sup>25</sup> Else Pirow, dogter van adv. O. Pirow, was van mening dat die Duitse volk se aandag daarop gevestig moes word dat die bydraes afkomstig was van die "Boerevolk wat sy skuld vir die gulde Duitse hulp van 1902 wou vereffen."<sup>26</sup>

In Pretoria het Nellie Liebenberg, Else Pirow en mev. S. Broers, voorsitster van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF), die leiding geneem en 'n selfstandige Afrikaanse Vroue Noodlenigingskomitee in die lewe geroep. Hierdie komitee het byvoorbeeld materiaal aangekoop en kinderklere vervaardig wat dan met behulp van DAHA na Duitsland versend is. Om te verseker dat die Duitsers presies sou weet vanwaar die hulp afkomstig was, is 'n etiket met die woorde "Van die Boerevolk van Suid-Afrika" daarop uitgewerk op elke kledingstuk vasgework.<sup>27</sup>

Mev. Liebenberg het as vurige lid van Pirow se Nuwe Orde en getroue luisteraar van Radio *Zeesen* reeds voor die finale ineenstorting van die Duitse weermag in Mei 1945 onder die besef van die ellende van die Duitse volk gekom. Die lot van die hawelose weeskinders het sterk tot haar gesprek en die gedagte het by haar opgekom dat sommige van daardie weeskinders na Suid-Afrika gebring kon word om hier deur Afrikaanse pleegouers aangeneem te word.

Mev. Liebenberg het haar idee om Duitse weeskinders na Suid-Afrika te bring met 'n huisvriend, dr. T.E.W. Schumann, direkteur van die Weerburo, bespreek. Schumann was so oortuig dat die skema uitvoerbaar was dat hy mev. Liebenberg se getal van 5 000 kinders verdubbel het. Liebenberg en Schumann het lank en indringend gesels oor die tipe weeskind wat hulle na Suid-Afrika wou bring. Liebenberg wou veral die kinders van gestorwe Duitse soldate uitbring, terwyl Schumann daarop aangedring het dat die kinders verteenwoordigend van die *élite* van die Duitse volk moes wees. Hulle was dit eens dat die weeskinders wat hulle wou bring so jonk as moontlik moes wees sodat die kinders maklik in Afrikanergesinne kon inskakel en met die loop van tyd heeltemal sou verafrikaans.<sup>28</sup>

Schumann het in die plan om Duitse weeskinders na Suid-Afrika te bring dadelik 'n dubbele doel gesien: enersyds sou die Afrikaners hul ereskuld teenoor die Duitse volk vereffen (die hulp wat die Boereleiers na die afloop van die Anglo-Boereoorlog in Berlyn ontvang het) en andersyds sou die koms van 10 000 Duitse kinders die Afrikanervolk aansienlik versterk en help om hom as blanke volk in Suid-Afrika te handhaaf.<sup>29</sup>

Alhoewel dit lofwaardig is dat twee individuele Afrikaners (Schumann en Liebenberg) begaan was om Duitsland in die uur van sy nood te help en sodoende 'n morele ereskuld aan die Duitse volk te vereffen, kom dit vreemd voor dat hulle oënskynlik vergeet het dat Nederland, België en Frankryk óók na die afloop van die Anglo-Boereoorlog tot die verligting van die noodgeteisterde Boerevolk bygedra het en dat daardie lande na die Tweede

25. Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB): A.1732, Sekretaris van die Dietse Kinderfonds, band 2, Notules, Okt. 1958-Sept. 1972, toespraak van dr. C.A. Sonnenhol, 01-08-1970.

26. Onderhoud met mev. Nellie Liebenberg, 15-03-1986.

27. *Ibid.*

28. Onderhoud met dr. T.E.W. Schumann, 27-01-1986 en onderhoud met mev. Nellie Liebenberg, 15-03-1986.

29. Onderhoud met dr. T.E.W. Schumann, 27-01-1986.

Wêreldoorlog óók in groot nood en ellende verkeer het. Hulpverlening aan hierdie ander "stamlande" van die Afrikaner is nooit ernstig oorweeg nie. Dit was 'n uitgemaakte saak dat slegs Duitse weeskinders na Suid-Afrika gebring moes word.<sup>30</sup>

In die lig van die hoë premie wat dié twee Afrikaners op die Duitse volk geplaas het, word die indruk geskep dat Duitsland se verknorsing aan hulle 'n gulde geleentheid gebied het om hul eie volk met die "bloed van gesogte Duits-Ariese *Herrenvolk*" te versterk. Op die keper beskou het dit dus myns insiens nie soseer om hulpverlening aan die Duitse volk gegaan nie, maar eerder om die versterking van die Afrikaners. In 1969 het die sekretaris van die Dietse Kinderfonds, Schalk J. Botha, inderdaad die onderliggende doelstelling van die Fonds beskryf as "'n inspirerende en lofwaardige ideaal in belang van die blanke voortbestaan en die Afrikanervolk in ons vaderland."<sup>31</sup>

Nadat Liebenberg en Schumann besluit het dat dit 'n uitstekende idee was om sowat 10 000 Duitse weeskinders tussen die ouderdom van drie en agt jaar na Suid-Afrika te bring en hulle hier deur Afrikaner-pleegouers te laat aanneem, het hulle hul plan met pro-Duitse Afrikaners begin bespreek.<sup>32</sup> Die oorgrote meerderheid van die ongeveer 120 aktiewe lede van die DKF was lede van die Nuwe Orde en die Ossewa-Brandwag.

Toe Schumann op 4 September 1945 'n groep pro-Duitse Afrikaners na sy huis genooi het om die plan van Duitse kinderimmigrasie met hulle te bespreek, het dit weldra duidelik geword dat die hele skema voorlopig baie vaag aangevoer sou moes word, aangesien die regering in die lig van sy ervaring met die Ossewa-Brandwag in die verlede dit uitdruklik verbied het dat daar onder die vaandel van hierdie beweging noodlenigingswerk ten behoeve van Duitsland onderneem word.<sup>33</sup> Daar kon dus nie openlik 'n fonds in die lewe geroep word met die uitsluitlike doel om Duitse weeskinders na Suid-Afrika te bring nie. Die "ware oogmerk" van Duitse kinderimmigrasie moes dus "verskuil" word en daar is besluit dat vir "optrede na buite" die beoogde fonds oënskynlik sou poog om Nederlandse, Belgiese, Vlaamse en selfs Oostenrykse weeskinders na die Unie te bring. Dit was om daardie rede dat die stigters van die DKF besluit het om eerder 'n *Dietse* as 'n *Duitse* Kinderfonds in die lewe te roep. Kinderimmigrasie uit enige ander land behalwe Duitsland is egter nooit ernstig oorweeg nie.<sup>34</sup>

Die DKF, wat amptelik op 7 September 1945 in Pretoria gestig is,<sup>35</sup> het alles in die stryd gewerp om sy oogmerke onder soveel Afrikaners moontlik bekend te stel en voor-aanstaande Afrikaners by sy werksaamhede te betrek. So byvoorbeeld is die moderators van die drie Afrikaanse kerke en die leiers van al die Afrikaanse politieke partye en bewegings (insluitende die Nuwe Orde en die Ossewa-Brandwag) genooi om as beskermhere van die Fonds op te tree. Afgesien van fondsinsameling en onderhandelings met die regering om toestemming vir die skema te verkry, het die Fonds baie tyd bestee aan besinning oor die tipe Duitse weeskind wat na die Unie gebring moes word.

Vir die Fonds was dit 'n uitgemaakte saak dat die kinders wat na Suid-Afrika gebring

- 
30. Onderhoud met dr. T.E.W. Schumann, 27-01-1986 en onderhoud met mev. Nellie Liebenberg, 15-03-1986.
  31. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 15, DKF/T1, Botha-Hurter, 22-04-1969.
  32. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 1, Notules, Sept. 1945—April 1958, Notule van 'n komiteevergadering, 07-09-1945.
  33. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 1, Notules, Sept. 1945—April 1958, Notule van 'n komiteevergadering, 04-10-1945.
  34. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 9, DKF/D3, Die Dietse Kinderfonds: Uiteensetting van die skema, s.j., *circa* Oktober, 1945; *Zuid-Afrika*, 25/6, Junie 1948, p. 87; Onderhoud met dr. T.E.W. Schumann, 27-01-1986 en onderhoud met mev. Nellie Liebenberg, 15-03-1986.
  35. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 1, Notules, Sept. 1945—April 1958, Notule van 'n komiteevergadering, 07-09-1945.



sou word baie jonk moes wees sodat die kinders maklik sou verafrikaans en mettertyd deel van die Afrikanervolk word. Juis die versterking van die *volk* was vir die DKF die allesoorheersende oogmerk. Judith Pellisier het hierdie primêre doelwit van die Fonds bondig saamgevat toe sy verklaar het: "dat die kinders van so 'n jeugdige ouderdom sal wees dat hulle in die Volk opgeneem sal kan word ..."<sup>36</sup>

Soos vroeër aangetoon, was dit Schumann en Liebenberg se oorspronklike oogmerk om slegs kinders van gestorwe Duitse soldate in die ouderdomsgroep drie tot agt jaar vir wettige aanneming na Suid-Afrika te bring en dat hulle slegs in die *élite* van Hitler se *Herrenvolk* belang gestel het. Toe die Fonds in die nasionaalgesinde Afrikaanse pers die publiek genooi het om aansoek te doen om hierdie Duitse weeskinders aan te neem, het talle voornemende pleegouers dit baie duidelik gestel dat hulle slegs in "suiwer Duits-Ariese kinders" belang gestel het. So byvoorbeeld het 'n sekere mnr. G.L. Brits ondubbel-sinnig verklaar: "Maar meneer ek wil graag stipuleer dat ons 'n Egte Duitse Weeskind wil hê en nie een of ander van die Joodse of basters van die rampokkers of Engelse ens. nie. Dit MOET 'n *Egte Duitse-Blonde* Weeskindjie wees, wie se ouers omgekrom het onder die moordenaars."<sup>37</sup> 'n Ander voornemende pleegouer, mev. E.F. Hoops, het in haar aansoek vir 'n dogtertjie van ongeveer vier jaar oud gevra en bygevoeg, "As die kinders onder drie jaar oud is wil ek nie eene aanneem nie want dan is die vaders dalk 'n Rus, Engelsman of wie weet wat."<sup>38</sup> Mev. B.J. Prinsloo het dit uitdruklik gestel, "Dit moet noodwendig 'n Duitser wees."<sup>39</sup> Die oorgrote meerderheid van die nagenoeg 450 aansoeke wat die Fonds ontvang het, was van dieselfde strekking. Dit is dus duidelik dat die Afrikaners wat in Duitse weeskinders belang gestel het 'n baie hoë premie op die feit dat die kinders "werklik Duitsers" moes wees, geplaas het.

Vir die DKF was dit nie moeilik om die vereistes van die voornemende pleegouers met sy eie doelstellings te versoen nie. Dit was immers ook die DKF se oogmerk om slegs "suiwer" Duitse kinders na die Unie te bring. Toe die Fonds dus aan die einde van 1947 met die hulp van DAHA by die Protestantse kerke en welsynsorganisasies in Duitsland navraag gedoen het oor die beskikbaarheid van weeskinders is dit onomwonde gestel dat "slegs suiwer Duitse weeskinders van Protestantse herkoms" oorweeg sou word.<sup>40</sup>

Dit blyk selfs duideliker toe die DKF aan die begin van April 1948 sy keurders na Duitsland gestuur het om in samewerking met die Duitse welsynsorganisasies en die Protestantse kerke die weeskinders vir sy skema te gaan uitsoek. Die dagbestuur het die geneesheer wat Duitsland toe gestuur is weer die opdrag gegee om seker te maak dat net "suiwer Duitse kinders" gekeur word. In Duitsland is etlike andersinds geskikte weeskinders derhalwe vir die skema afgekeur omdat hulle vaders "Engelse soldate was".<sup>41</sup>

Aangesien die DKF voornemens was dat die weeskinders deur Afrikaanse pleegouers aangeneem word en mettertyd Afrikaners moes word, kan die vraag gestel word of 'n drie- of vierjarige Duitse kind met Poolse of Engelse bloed in sy are nie ook eendag in 'n goeie Afrikaner kon verander nie? Die indruk word geskep dat die lede van die DKF meer

36. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 1, Notules, Sept. 1945—April 1958, Onderhoud met die waarnemende Eerste Minister, J.H. Hofmeyr in sake die Dietse Kinderfonds, 09-10-1946.
37. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 3, DKF/A3(a), Brits-Botha, 07-06-1947.
38. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 4, DKF/A3(c), Hoops-Botha, 13-01-1948.
39. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 5, DKF/A3(f), Prinsloo-Botha, 20-10-1947.
40. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 1, Notules, Sept. 1945—April 1958, Notule van dagbestuursvergadering, 17-02-1948; Onderhoud met dr. Vera M. Bührmann, 26-05-1982.
41. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 1, Notules, Sept. 1945—April 1958, Notule van dagbestuursvergadering, 01-03-1949; Onderhoud met dr. Vera M. Bührmann, 26-05-1982.

in die "bloedfaktor" van die kinders belang gestel het as in onbaatsugtige naastediens aan 'n noodgeteisterde volk. Dit wil ook voorkom asof die DKF in Duitsland se ondergang die geleentheid gesien het om vir die Afrikaners *Herrenvolk*-bloed te gaan haal voor Duitsland en die Duitse volk aan die genade van sy oorwinnaars uitgelewer sou word.

### Die vernietiging van 'n droom

Die DKF se idealistiese droom "om 'n magtige leer van jong mense uit Duitsland te bring om hier ons volkslewe te verryk"<sup>42</sup> het om veral twee redes misluk: in die heel eerste plek het dit spoedig duidelik geword dat die Fonds dit eenvoudig nie sou kon bekostig om 10 000 kinders te bring nie. Boonop sou daar vir so 'n groot hoeveelheid kinders waarskynlik nooit pleegouers gevind kon word nie, veral wanneer dit in gedagte gehou word dat die DKF maar net 450 aansoeke vir kinders ontvang het. Boonop het die Smuts-bewind die getal 10 000 as buitensporig hoog beskou en omdat die regering bevrees was dat die kinders eendag die staat ten laste sou val, is daar aan die DKF toestemming gegee om slegs 100 kinders te bring.<sup>43</sup> In die tweede plek het die vertraging om regeringstoestemming vir die skema te verkry tot gevolg gehad dat die DKF sy keurders eers in 1948 na Duitsland kon stuur om geskikte weeskinders te werf. Dit was reeds drie jaar na die Tweede Wêreldoorlog en die meeste weeskinders was reeds in Duitsland by pleegouers uitgeplaas. Uiteindelik moes die DKF om sy hele skema van totale mislukking te red verlies neem met 83 kinders tussen die ouderdomme twee en veertien jaar, waarvan boonop 36% buitewegtelike wese was. Die kinders wat gekom het, was weliswaar een en almal "suiwer Duitse kinders van Protestantse herkoms" en die meerderheid van hulle het mettertyd volkome verafrikaans hoewel baie dit moeilik gevind het om werklik "volbloed Afrikaners" te word.

Die DKF se kinderimmigrasieskema was in die diepste sin van die woord 'n voortsetting van die blanke vestiging aan die suidpunt van Afrika wat streng gesproke reeds in 1652 begin het en dus 'n integrale deel vorm van al die ander immigrasies (die koms van die Franse Hugenote, die Britse en Duitse setlaars) om die blanke getalle in Suid-Afrika te versterk. Dit was ook die laaste grootskaalse georganiseerde immigrasieplan na hierdie land. Wat die Duitse kinderimmigrasie egter van al die ander skemas onderskei, is dat dit vir die stigterslede nie soseer om "blankes" in die algemeen gegaan het nie, maar meer bepaald om 'n spesifieke vertakking van die blankedom. Die Duitse weeskinders wat veertig jaar gelede na hierdie land gekom het, sal nie soseer onthou word vir wat hulle tot die welsyn van Suid-Afrika bygedra het nie, want daarvoor was hulle getalle veels te onbeduidend, maar eerder vir die wêreldbeskouing van hulle groot "weldoeners", naamlik die behoud van die Afrikaner se Christelik-nasionale lewensopvatting en sy strewe na selfbehoud en voorrang op 'n oorwegend swart subkontinent.

42. E. de Lange (samesteller), *Die verhaal van die Duitse Kinderfonds* (Potchefstroom, 1970), p. 55.  
43. TAB: A.1732, Sekretaris van die DKF, band 1, Notules, Sept. 1945–April 1958, Sestiende vergadering van die DKF, 06-09-1947.